KENNISGEWING 138 VAN 2021

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN 'N TOESTEMMINGSGEBRUIKAANSOEK INGEVOLGE KLOUSULE 16 VAN DIE TSHWANE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 2008 (HERSIEN 2014) SAAMGELEES MET ARTIKEL 16(3) EN SKEDULE 23 VAN CITY OF TSHWANE LAND USE MANAGEMENT BY-LAW, 2016

Ons, ***VAN ZYL & BENADÉ STADSBEPLANNERS BK***, synde die applikant van ***RESTANT VAN GEDEELTE 38 VAN DIE PLAAS HARTEBEESTPOORT 328 JR*** gee hiermee Ingevolge Klousule 16 van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (Hersien 2014) saamgelees met Artikel 16(3) en Skedule 23 van die City of Tshwane Land Use Management By-law, 2016, kennis dat ons by die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om toestemmingsgebruik vir 'n ***PARKEERTERREIN op 'n DEEL van bogenoemde eiendom.***
Die eiendom is geleë suid van ***PRETORIASTRAAT LANGS DIE NOORDELIKE GRENS VAN DIE SILVERWATER WINKELSENTRUM, SILVERTON UITBREIDING 17.*** Die huidige sonering van die eiendom is ***BESTAANDE STRATE.*** Die applikant se bedoeling met hierdie saak is om die eiendom te gebruik as ***PARKERING.***
Enige beswaar en/of kommentaar, insluitend die gronde vir sodanige beswaar en/of kommentaar, met volle kontakbesonderhede, waarsonder die Munisipaliteit nie met die persoon of liggaam wat die besware en/of kommentare indien kan kommunikeer nie, moet skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur, Ekonomiese Ontwikkeling en Ruimtelike Beplanning, Posbus 3242, Pretoria, 0001 of CityP_Registration@tshwane.gov.za, ingedien of gerig word vanaf ***3 FEBRUARIE 2021*** *tot* ***3 MAART 2021****.*
Volle besonderhede en planne (indien enige) van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoor-ure by die Munisipale kantore soos hieronder aangetoon, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant.
Indien enige belanghebbende en geaffekteerde party 'n afskrif van die grondontwikkelingsaansoek wil bekom, kan sodanige afskrif van die Munisipaliteit versoek word, deur sodanige versoek aan die volgende kontakbesonderhede te rig: newlanduseapplications@tshwane.gov.za of alternatiewelik deur sodanige afskrif van die applikant te versoek.
ADRES VAN MUNISIPALE KANTORE: Isivuno House, LG004, Lilian Ngoyistraat 143, Pretoria.
Sluitingsdatum vir enige besware en/of kommentare: ***3 MAART 2021***
ADRES VAN APPLIKANT: Van Zyl & Benadé Stadsbeplanners BK, Posbus 32709, Glenstantia, 0010, Selatistraat 29, Ashlea Gardens, Tel: 012- 346 1805, e-mail: vzbd@esnet.co.za
Datum waarop kennisgewing gepubliseer word**:** ***3 FEBRUARIE 2021***
Verwysing: CPD 0284/38 (ITEM NO 32765)